59:1-3 | Ges. 180:1
67:1-4 | Ges. ~~[illegible]~~ 114:1,2.
57:2-5 | Gs. 48:10.

# Die Boodskap van Kersfees

25/12 Genadendal 1940.

(Luk 2:1-20)

Luk 2:14 - Eer aan God in die hoogste hemele & vrede op aarde, in die mense 'n welbehae!

Storie vir die Kinders -

Henders weg

Liewe Br. & Suster,

Oor 3 dae vier ons Kersfees, die fees ter herinnering aan J.C. se geboorte 1940 jaar gelede. In die verbeelding sal ons teruggevoer word na die stal v. Bethlehem na die wyse uit d. Ooste wat oor die verre woestynland gekom het, gelei deur d. ster, om hulde te bring aan d. Seun v G // wat in die krib lê met sy moeder Maria wat waghou // terwyl d. ster v. Beth- helder blink in die hemel bo!

Ons sal staan om die Kersboom, onder die blinkende liggies terwyl ons ook in ons Kersliedere sing v.d. Vors v. Vrede wat na die aarde gestuur is om vreugde & blydskap aan mensharte te bring!

En terwyl ons sing van die vors van vrede. dreun kanonne daar anderkant die waters. gooi vliegtuie hoogs ontp. ? hoor voetstappe soldate eie land



bomme af om vernietiging & dood te saai, en is een volk & leër besig om ander volk & leër af te maai! Nie net op een plek nie: oor byna die hele wêreld die verwoede stryd: ① hele Europa ② Mid. See ③ Ooste

Ware tekening vir 1940: Vader Krismis met oorlogs-helmet op besig om kanonne & tenks aan kinders uit te deel

En dis nie alleen die omvang, die oorlog self: — baie meer —: dis. die ontsettende haat & woede & wraak wat leef in d. harte v. mense wat hd. Kersfees 1940 vir ons so donker maak.

As ons so aan al d. dinge dink, ons amper bang om nog te praat v. Kersfees, wat nog te sê vier? Het Kersfees vir baie v ons nie geword 'n blote jolyt, uitkikke plesier, bietjie drink & vrolik wees, vir die kinders paar presentjies gee? As dit al is, het KF dan nie geword 'n klug,

bloté betekenislose tradisie, ydele vorm?
Waarom vier ons as Xtene dit dan nog?
// Dis die gevaar: dlom sien wat kersfees moet beteken:
Oor velde v Bethl. eenmaal die engelekoor
onsterflike lied
gesing: "Ere aan God ....." en waar
ons oor 3 dae Kersfees vier, daar ons dit
omdat ons nog altyd diep in ons harte
glo dat dié lied gaan waar word.

Stilstaan d/hy:

I Ere aan God:
betek. d/vaar
Die Koms v.d. Here Jesus & word
aangekondig m.d. heerlike & wonderlied
wat gahn oor velde v Ef. die nag
m Jesus se geboorte. Skilder toneel,
herders by skape, donker nag, herders
hou wag. vuurtjies wat brand – skielike
verskyning engel – boodskap – engelekoor
plus hemelse leërskare!



Ere aan God – dis die eerste boodskap & ook
eerste genoem. Wat beteken dit? Eer aan
God alleen toegebring moet word deur d.
mens – God alleen verdien die eer. Niemand
mag iemand anders of iets anders aanbid
nie.
Waarom eer aan God? Omdat deur J.X. se geboorte
God die Vader sy onpeilbare liefde. sy
wonder v. genade a.d mens betoon het, deur
Sy seun J.X. te stuur om ons d. weg v.d.
lewe bekend te maak. Joh. 3:16. Daarom
moet aan Hom die eer gebring word –
omdat niemand anders so die mens
sou liefgehad het dat hy sou toelaat
dat Sy seun gekruisig sou word – en dit
om onwaardige sondaars te red!

En wat het ons gemaak? Eer a.d mens gegee - aan sy verruf & verstand - die mens m. sy ontdekkinge & beskawing hooggeroem, met al sy wonderlike uitvindinge! Soos Nebukadnesar ook ons in hoogmoed & trots uitgeroep: "Kyk daar die vliegtuie, skepe, kanonne, stede (welke krabbers) wat ek gebou het!"

Gevolg? Ons hoogmoed het tot 'n val gekom: eer aan God ontneem, aan onsself toege-eien, sy liefde versmaai - jaloesie (een wou meer hê as ander) > stryd.

II Vrede op aarde:

Maar d. engele sing nog meer: Eer aan God in die hoogste hemele, & vrede op aarde. // Wat 'n wonderlike woord: vrede op aarde. Dit is wat die engele kom sê: Jesus se koms bring



vrede op aarde. Maar hoe moet ons dit verstaan? Wat beteken dit? Dan 1900 jaar verby & nog geen vrede!

Laat ons weer na die teks kyk: Eer staan eer aan God > vrede op aarde. Beteken dus dat die mens & volk wat aan God al die eer bring van hulle lewes sal ook vrede op aarde kan bring omdat hulle die innigste ware vrede ken: vrede thoor vrede van God, vrede v. hart & gemoed, vrede v. gewete. Jesus se koms bring dit omdat Hy D leer ons

~~Br.~~ Broers & susters, hoe kry ons dit? Kom v. Jesus ons dit gebring omdat Hy die mag v. sonde: haat & ongeregtighd & bitterhd & wraak in ons harte verbreek het vir altyd & ons dus die vrede kan gee wat na ons smag.

~~Ontdt~~ En dit bring ons na die vr. wat seker die afgelope maande in ons

harte is, : Waar is daar geen vrede in die wêreld nie? Waar kan daar nie meer vrede kom nie?

het een antw.: Die sonde v. d. volkere maar – sonde in d. hart v. elke mens – maak dat daar geen vrede kan wees nie. Vandag se oorlog direkte gevolg v. sonde v. d. verlede, v. d. onreg wat d. een volk die ander aangedaan het. Ook ons volk, ja ook elkeen v. ons het ons aandeel daarin: niemand ter wêreld is vry te spreek nie. En v/d staan ons soos katte & honde mekaar sleg te maak (pers, radio), beskuldig d. een die ander, smeer swart & sê sleg – wag die een op die ander om eerste te begin. En hoe kan vrede dan meer kom?

Alleen wanneer elkeen v. ons die vrede



van God in ons eie hart intrek, uitdaar die fakkel v. vrede uitdra, alleen dan sal daar meer vrede in d. wêreld kom (want die ware vrede nie net afwesigh. v oorlog nie, nie net 'n wapenstilstand soos afgelope 20 jaar na laaste W/O was nie, mr. baie meer: afwesighd v alle haat & twis v. liefde in hart v. d. mens). (God wat lewe)

→ Waar geen vrede in hart, daar geen vrede op aarde

III In die mense 'n welbehae: Ten laaste sing die engele: in d. mense 'n welbehae. Jesus se koms bring I, II en dus ook III. Wat beteken dit? Dat

① God welbehae in d. mens het; Ten spyte v. sy sonde & afdwaling – tog nog wil hom weer terugbring – Sy skepping –

② Mense welbehae in mekaar; Omdat die mens God eer, Hom liefhet, daar

ook mekaar lief — in mekaar welbehae:
dink goed v. mekaar, praat goed van
mekaar, doen goed aan mekaar —

Wat 'n teïstelling met u[?] se wêreld!
Hoe anders is alles nie? Sal die
engelesang ooit w/heid word? Sal
ons ooit waarlik: Ere aan God betoon,
vrede op aarde hê, & in d. mense 'n
welbehae hê? [Of is alles maar on-
moontlike ideaal? Vae wens wat
nooit verwul sal word nie?] Sal ons
nie maar ons kersies by die Kersboom
doodblaas, ons liedere ophou sing,
ons kerkdeure toemaak, ons Bybels
wegbêre — en so ons geloof verloor
nie? Sal ons nie maar alles opgee
nie?



My vriende, Die engelesang wat 1940 jaar gelede
gesing is oor die velde van Bethlehem was
nie maar somar so 'n lied nie — dit was
nie die woorde van mense nie — dit was
die boodskap van vreugde en heil v. d.
ewige God gegee aan die mens vir alle
tye. Die boodskap bring ons die Saligm. v. d.
(1) heerlike feit: Xtus die Saligm. v. d.
Wêreld is gebore. Dit bring ons
(2) 'n glorieryke (heerlike) voorspelling (profesie) n.l.
dat dies. Xtus die mens nog sal lei
om eendag al die eer aan God te gee,
vrede op aarde te hê & in in die
mense 'n welbehae
(3) 'n wonderlike bemoediging: dat juis al kom
ons as kinders v. d. Heer nie moet twyfel
en wankel nie, m.a. dat ons moet

glo dat hoe donker die wêreld ookal is, hoeveel oorlog & woede & haat daar ook mag wees – eendag sal alles anders word! // vr is: Is daar vrede in ons hart? Huis? Onder mekaar?
→ Nie wag in vae hoop – self ook om vrede te bewerk
Laat ons dan uit hierdie gaan met vaste voorneme: wat wêreld ookal doen – mr in my hart & my huis sal daar vrede wees op Kersdag omdat d Kind Jesus vy glans v Beth. / ook daar kom sprei het. En as ons Kersaand in ons huise vergader – (Kersaltaar) – nie wees met uitsinnige jolyt & geraas & geskreeu, mr met stille, vaste hoop & geloof dat uit al d stryd & ellende 'n beter wêreld sal kom & dat God ons elkeen wil gebruik om die engelesang v B. te laat bewaarheid word: Eer aan God ens. Amen!